# 30 Augustus 2023 - Lesing 113 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Eksperimente - Vernietigingswerk (1) – 25/5/59

**NO: 7372a** Om in die binneste van die aarde in te dring kan net tot sekere perke toelaatbaar wees. En as die grense oorskry word, dan sal die gevolge dienooreenkomstig wees. Die gevolg sal 'n vernietigingswerk van enorme omvang wees, waar julle mense jul geen voorstelling van kan maak nie, omdat julle so 'n vernietigingswerk nie sal oorleef nie, maar ook die slagoffers sal wees van sulke eksperimente. Die menslike verstand ondersoek en peuter, en het ook al ver ingedring in die wette van die natuur. En hierdie ondersoeke sou ook tot seën van die medemens kon wees, as dit vanuit die korrekte ingesteldheid teenoor My onderneem sou word, sodat hulle hul gedagtes volgens die Goddelike orde kan stuur. Maar aan hierdie korrekte ingesteldheid teenoor My ontbreek dit gewoonlik by die ondersoekers.

En die enkeling word oorstem deur ondersoekers en wetenskaplikes **wat ver van My af staan** en wie se denke hulle daarom ook kan vergis, wat juis by eksperimente van so 'n omvang, soos voorsien is, slegte gevolge sal hê, dat hulle die natuurwette nie meer kan beheers nie, dat hulle verkeerde gevolgtrekkings maak, dat hulle proewe doen vanuit verkeerde berekeninge **en so kragte in werking sal stel waarvan hulle die gevolge nie sal kan beperk nie**.

Die mense hou alleen rekening met die aardse getalle, maar nie met die geestelike probleme wat onmoontlik is om op te los met hul ingesteldheid wat van God vervreemd is. **Maar alles rus op 'n geestelike basis**. Die bestaan van die aarde het sy geestelike beweegredes en die mense op die aarde moet net hulle doel bereik, naamlik om die aardse ryk te oorwin en ryp te word vir die geestelike ryk, waarvan die navorsers en hulle wat beweer om wetend te wees, egter weinig of niks van weet of wil glo nie.

Maar My skeppingswerke is tot 'n sekere mate aan die vrye wil van die mense oorgelewer en ook by die vernietiging van 'n groot omvang word die mense nie gehinder nie. Maar dit is tot hul eie skade, deurdat al die geskapene die lewe verloor, hetsy mens of dier, plant of ander skeppings waarin die geestelike gebind is met 'n positiewe ontwikkeling as doel. En indien laasgenoemde nie deur hulle geglo word nie, moet daar tog met die medemens en hul lewe rekening gehou word.

Maar die mense beskou hulleself verstandig en wys. Hulle glo dat hulle kan **indring in die wette van die natuur wat tot nou toe onbekend vir hulle was**. Hulle doen proewe wat hulle voortdurend uitbrei, totdat hulle nog onbekende kragte in werking bring met die onvoorstelbare **gevolg van 'n algehele vernietiging van die aardoppervlak**, wat geen geskape wese sal deurstaan nie, soos dit voorspel is deur sieners en profete vanaf die begin van hierdie periode op aarde.

En Ek laat die vrye wil van die mense hierdie vryheid toe. Maar My heilsplan van ewigheid is gebaseer op hierdie wil, omdat Ek van ewigheid voorsien het, dat die mensdom by 'n **geestelike dieptepunt** sal aankom, waarin 'n totstandbringing van My ordening van ewigheid nodig sal wees en Ek dus daarop die heilsplan kon baseer sonder om die wil van die mense onvry te maak.

**Want hulle is self die veroorsakers van die einde van hierdie aarde**. Hulle bepaal self die tydstip, ondanks voorafgaande waarskuwings en vermanings, ondanks aanhoudende verwysings op die ongeregverdigde van hul handelinge, solank as wat hulle nie in verbinding staan met hul God en Skepper van ewigheid nie, wat dan ook waarlik **hulle denke en wil korrek kon gelei het**, sonder om dwang op die wil toe te pas.

Maar die mense wil dit nie glo, dat hulle so 'n dergelike vernietigingswerk van die aarde tegemoet gaan nie. En anders as deur My Woord wat van bo na hulle toe gelei word, kan hulle nie gewaarsku word nie. Maar keer hulle uit hulself hul hart na My, dan sal dit ook lig word in hulle en sal hulle dan self afsien van verdere pogings.

Maar hiervan is daar egter weiniges, wat in staat is om hulle wil deur te dryf, ofskoon hulle die groot gevaar insien wat die mensdom bedreig. Maar van die teenstander is daar meer en **hulle gee 'n plan nie op**, wat die einde van die aarde teweeg sal bring nie. En hulle kan nie verhinder word nie, vanweë die wilsvryheid.

En hulle word van My kant ook nie verhinder nie, omdat daarmee, volgens My wyse raadsbesluit, weer **die positiewe ontwikkeling van ontelbare wesens bevorder sal word**, omdat Ek weet om alles - ook die slegte - so te lei, dat dit tog nog goeie gevolge sal hê en omdat juis dit My heilsplan is, dit daarom ook **in ooreenstemming met My Liefde en Wysheid uitgevoer sal word**. Amein.

Eksperimente – Vernietigingswerk (2) – 26/5/59

**NO: 7372b** Ek weet waarlik wat voordelig is vir al die wesens wat Ek eens geskep het, Ek weet hoe doeltreffend alles sal wees, en Ek kan ook die uitwerking van alles sodanig beheer dat dit net goed vir die ontwikkeling van die geeste sal wees. En so sal My teenstander **se waarlik sataniese dade tydens die laaste dae** net daartoe lei dat die meeste van sy volgelinge weer van hom weggeruk en in materie gebind sal word, so sal hulle van hom en van sy invloed vir 'n oneindige lang tyd verwyder word. Hy glo hy het die geeste van My gewen en besit hulle weereens, maar Hy sal hulle nietemin verloor en **die geestelike substansie sal weereens haar hoër ontwikkeling begin**. Want My Liefde sal nooit ophou nie, weer en weer sal My liefde nuwe moontlikhede

skep vir ontwikkeling om die geeste omhoog te help. En My Liefde sal ook telkens nuwe maniere vind. Selfs al is die wese in die toestand van vrye wil, as 'n mens, dikwels in stryd met My ewige plan en sy hoër ontwikkeling in gevaar geplaas word, sal Ek die orde herhaaldelik weer herstel wat die goddelike wet is en sal bly; maar nooit tot nadeel van die geeste nie en altyd met die doel van die vervolmaking van die mense wat nog baie ver van hierdie toestand af is.

Daarom, ongeag van wat in die wêreld gebeur, weet My liefde en wysheid van elke uitkoms en sal dit altyd stuur tot voordeel van die geestelike wesens, en die **finale doel sal altyd hulle redding wees, hul terugkeer na My en die vervolmaking van die siele.**

Die finale doel is die bereiking van die oorspronklike toestand, waar die wese, as 'n “**beeld van God**", in staat sal wees om saam met My te werk en te skep in saligheid. Amein.